G68G
S.559

UCT LIBRARIES GOVT PUBL 15 JUL 1991


# REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# GOVERNMENT GAZETTE

# STAATSKOERANT

## VAN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

*Registered at the Post Office as a Newspaper* *As 'n Nuusblad by die Poskantoor Geregistreer*

Selling price • Verkoopprys
(GST excluded/AVB uitgesluit)
Local **80c** Plaaslik
Other countries R1,10 Buitelands
Post free • Posvry

VOL. 313 CAPE TOWN, 3 JULY 1991
KAAPSTAD, 3 JULIE 1991 No. 13348


STATE PRESIDENT'S OFFICE

No. 1497. 3 July 1991

It is hereby notified that the State President has assented to the following Act which is hereby published for general information:—

No. 101 of 1991: Adjustment of Fines Act, 1991

KANTOOR VAN DIE STAATSPRESIDENT

No. 1497. 3 Julie 1991

Hierby word bekend gemaak dat die Staatspresident sy goedkeuring geheg het aan die onderstaande Wet wat hierby ter algemene inligting gepubliseer word:—

No. 101 van 1991: Wet op die Aanpassing van Boetes, 1991

# ACT

**To provide that the maximum fine as an alternative to which a period of imprisonment may be imposed in respect of offences in terms of certain laws, shall be in the same ratio with regard to the period of imprisonment as the ratio of the fine as against imprisonment where the court is not a court of a regional division, as contemplated in section 92(1) of the Magistrates' Courts Act, 1944; and to provide for matters connected therewith.**

*(English text signed by the State President.)*
*(Assented to 27 June 1991.)*

BE IT ENACTED by the State President and the Parliament of the Republic of South Africa, as follows:—

**Calculation of maximum fine**

**1.** (1) *(a)* If any law provides that any person on conviction of an offence may be sentenced to pay a fine the maximum amount of which is not prescribed or, in the alternative, to undergo a prescribed maximum period of imprisonment, and there is no indication to the contrary, the amount of the maximum fine which may be imposed shall, subject to section 4, be an amount which in relation to the said period of imprisonment is in the same ratio as the ratio between the amount of the fine which the Minister of Justice may from time to time determine in terms of section 92(1)*(b)* of the Magistrates' Courts Act, 1944 (Act No. 32 of 1944), and the period of imprisonment as determined in section 92(1)*(a)* of the said Act, where the court is not a court of a regional division.

*(b)* For the purposes of paragraph *(a)* a fine as well as imprisonment may be imposed.

(2) If any law (irrespective of whether such law came into operation prior to or after the commencement of this Act) provides that any person may upon conviction of an offence be sentenced to pay a fine of a prescribed maximum amount or a maximum amount which may be determined by a Minister or, in the alternative, to undergo a prescribed maximum period of imprisonment, or be sentenced to such a fine and such imprisonment, the amount of the maximum fine which may be imposed shall, notwithstanding the said penalty clause, but subject to section 4, be an amount calculated in accordance with the ratio referred to in subsection (1)*(a)*: Provided that this provision shall not apply if the maximum amount of the fine prescribed in the law or determined by the Minister exceeds the maximum amount calculated in accordance with the ratio referred to in subsection (1)*(a)*.

**Calculation of fine in case of fraction of year**

**2.** Subject to the provisions of section 281 of the Criminal Procedure Act, 1977 (Act No. 51 of 1977), in the application of this Act—

*(a)* a reference in any law to a period of imprisonment of less than 31 days shall be construed as a reference to a period of imprisonment of one month;

*(b)* the maximum amount of a fine which may be imposed as an alternative to a maximum period of imprisonment amounting to a fraction of a year, and which does not amount to a multiple of R50, shall be rounded off to an amount equal to the nearest higher multiple of R50.

**Act applies to penalties contained in empowering provision**

**3.** This Act shall *mutatis mutandis* apply to a provision in any law authorizing

# WET

**Om voorsiening te maak dat die maksimum boete as alternatief waarvoor gevangenisstraf ten opsigte van misdrywe ingevolge sekere wette opgelê kan word, in dieselfde verhouding met betrekking tot die tydperk van gevangenisstraf staan as die verhouding van boete teenoor gevangenisstraf waar die hof nie 'n hof van 'n streekafdeling is nie, soos beoog in artikel 92(1) van die Wet op Landdroshowe, 1944; en vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan.**

*(Engelse teks deur die Staatspresident geteken.)*
*(Goedgekeur op 27 Junie 1991.)*

DAAR WORD BEPAAL deur die Staatspresident en die Parlement van die Republiek van Suid-Afrika, soos volg:—

**Berekening van maksimum boete**

**1.** (1) *(a)* Indien 'n wet voorsiening maak dat iemand by skuldigbevinding aan 'n misdryf gevonnis kan word om 'n boete waarvan die maksimum bedrag nie genoem word nie, te betaal of, as alternatief daarvoor, 'n genoemde maksimum tydperk van gevangenisstraf te ondergaan, en daar nie 'n ander bedoeling blyk nie, is die bedrag van die maksimum boete wat opgelê kan word, behoudens artikel 4, 'n bedrag wat met betrekking tot die betrokke tydperk van gevangenisstraf in dieselfde verhouding staan as die verhouding tussen die bedrag van die boete wat die Minister van Justisie van tyd tot tyd kragtens artikel 92(1)*(b)* van die Wet op Landdroshowe, 1944 (Wet No. 32 van 1944), bepaal, en die tydperk van gevangenisstraf soos in artikel 92(1)*(a)* van genoemde Wet bepaal, waar die hof nie 'n hof van 'n streekafdeling is nie.

*(b)* By die toepassing van paragraaf *(a)* kan 'n boete sowel as gevangenisstraf opgelê word.

(2) Indien 'n wet (ongeag of so 'n wet voor of na die inwerkingtreding van hierdie Wet in werking getree het) voorsiening maak dat iemand by skuldigbevinding aan 'n misdryf gevonnis kan word om 'n boete van 'n genoemde maksimum bedrag of 'n maksimum bedrag wat deur 'n Minister bepaal kan word, te betaal of, as alternatief daarvoor, 'n genoemde maksimum tydperk van gevangenisstraf te ondergaan, of tot so 'n boete sowel as sodanige gevangenisstraf gevonnis kan word, is die bedrag van die maksimum boete wat opgelê kan word, ondanks bedoelde strafbepaling, maar behoudens artikel 4, 'n bedrag bereken volgens die verhouding in subartikel (1)*(a)* bedoel: Met dien verstande dat hierdie bepaling nie van toepassing is nie indien die maksimum bedrag van die boete in die wet genoem of deur die Minister bepaal, hoër is as die maksimum bedrag bereken volgens die verhouding in subartikel (1)*(a)* bedoel.

**Berekening van boete in geval van breukdeel van jaar**

**2.** Behoudens die bepalings van artikel 281 van die Strafproseswet, 1977 (Wet No. 51 van 1977), word by die toepassing van hierdie Wet—

*(a)* 'n verwysing in 'n wet na 'n tydperk van gevangenisstraf van minder as 31 dae, as 'n verwysing na 'n tydperk van gevangenisstraf van een maand uitgelê;

*(b)* die maksimum bedrag van 'n boete wat opgelê kan word as alternatief vir 'n maksimum tydperk van gevangenisstraf wat 'n breukdeel van 'n jaar uitmaak, watter bedrag nie 'n veelvoud van R50 bedra nie, afgerond tot 'n bedrag wat die naaste hoër veelvoud van R50 bedra.

**Wet is van toepassing op strawwe in magtigende bepaling vervat**

**3.** Hierdie Wet is *mutatis mutandis* van toepassing op 'n bepaling in 'n wet wat

the promulgation of another law, which provision confers the power to prescribe a penalty contemplated in section 1 in respect of any contravention of the law so authorized.

**Savings**

**4.** This Act shall not apply in respect of a provision providing—

*(a)* for the imposition of a fine in the case of an offence or omission which continues; or

*(b)* that the court may impose such fine as it may in its discretion deem fit.

**Short title**

**5.** This Act shall be called the Adjustment of Fines Act, 1991.

die uitvaardiging van 'n ander wet magtig, welke bepaling die bevoegdheid verleen om 'n straf in artikel 1 beoog ten opsigte van 'n oortreding van die aldus gemagtigde wet voor te skryf.

**Voorbehoude**

**4.** Hierdie Wet is nie van toepassing nie ten opsigte van 'n bepaling wat voorsiening maak—

*(a)* vir die oplegging van 'n boete in die geval van 'n misdryf of versuim wat voortduur; of

*(b)* dat die hof 'n boete wat hy goedvind, kan oplê.

**Kort titel**

**5.** Hierdie Wet heet die Wet op die Aanpassing van Boetes, 1991.